Sondag, 3 November 2019

Kom in Sy lewende (teen)Woord(igheid) in, en Sy lig sal uit jou straal...

"Die Here het vir Moses gesê: 'Klim die berg op na My toe: jy, Aäron, Nadab, Abihu en sewentig leiers van Israel. As julle nog ver is, moet julle al voor My buig...' Moses het toe al die gebooie van die Here aan die volk bekendgemaak. Hulle het soos een man gesê: 'Ons sal alles doen wat die Here beveel het.'... Moses het toe bloed gevat en op die volk gesprinkel terwyl hy sê: 'Dit is die bloed van die verbond wat die Here op grond van al hierdie gebooie met julle gesluit het.'... Moses, Aäron, Nadab, Abihu en sewentig leiers van Israel het toe die berg uitgeklim. Hulle het die God van Israel gesien... Moses en sy assistent Josua is toe hoër op teen die berg van God... Terwyl Moses alleen verder die berg uitklim, het 'n wolk dit omhul... Die magtige teenwoordigheid van die Here het vir die Israeliete gelyk soos 'n gloeiende vuur op die berg..."
(Eksodus 24:1, 3, 8-9, 13, 15 en 17)
"Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is."
(2 Korintiërs 3:18)

Ná tien tekens van Sy almag om hulle uit Egipte, hul plek van verontmensliking te bevry en ná drie maande se woestyntog met die tekens van Sy sorg by hulle, het God sy volk Israel by die berg Sinaï ontmoet (Eks. 19:1) – 'n heilige plek. Op arendsvlerke het Hy hul tot hier gedra (19:4); hulle wat aan Hom behoort en wie Hy vorm tot 'n gewyde nasie (19:6). Vir hulle leer Hy die woorde wat die weg wys na 'n geseënde lewe: **Vertrou God** (20:2); **aanbid God** (20:3-6); **eer God** (20:7); **rus by God** (20:8-11); **respek vir gesag** (20:12); **respek vir lewe** (20:13); **respek vir liefde** (20:14); **respek vir lewensruimte** (20:15); **respek vir waarheid** (20:16); en **verlang na God** (20:17). Woorde wat hul ganse lewe omvat en die diepste waarheid oor menswees deel: God is die gewer van alles, daarom lewe ons met vertroue en respek in alles en teenoor almal – dít is 'n gelukkige lewe...

Daar is nóg iets meer oor hierdie woorde: dit is nie net 'n pad om op te gaan of wyshede om te onthou nie – dié woorde verander jouself, jou menswees, jou aangesig selfs! Want ín hierdie woorde, ontmoet jy die Spreker self, Hy, die Lewende Woord! Hoe dieper jy luister, hoe nader jy aan Hom kom, hoe helderder Sy lig – en word dit lig wat later selfs van jóu uitstraal! Kom, Berg-en-Dal, só moet ons word...

JL.

Baie welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal deur prop. Nico Oosthuizen. Agter in die kerkgebou is Bybels en Liedboeke indien u een benodig. Uit die binnehof is deure na die Moederskamer en toiletgeriewe. Almal is ook uitgenooi vir 'n koppie koffie & tee in die binnehof, ná die diens.

Indien u enige vrae het of met die leraar oor vanoggend se erediens wil gesels, skakel gerus of kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362).

Eredienste vandag en volgende Sondag

Sondag, 3 November	Om 15:00 – Geen Sothodiens. Om 18:00 – ds. Jan Lubbe: *"My kind: soek liefde, trou en wysheid..."* ('n Spesiale diens vir Gr 7's en ouers).
Sondag 10 November	Om 09:30 – ds. Johan Marais in die kerk met Sothokoor; gesinsdiens in saal – ds. Jan Lubbe (afsluiting Junior Kategese). Om 15:00 – Sothodiens deur teol.std Steve Bopane. Om 18:00 – ds. Johan Marais (afsluiting Senior Kategese).

DEURKOLLEKTES:

27 Oktober	SA Bybelgenootskap	R 2 638,00
03 November	Gladstone Jeugsorgsentrum	
10 November	Bearbeiding van Gevangenis	

Inligtingstuk oor deurkollektes is agter in die kerk op die tafel beskikbaar.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Verjaarsdae:
Ons hartlike gelukwense en seënbede aan almal wat vandag en in die volgende week verjaar:

03 November	Pieter Erasmus en Wilka Rawlins.
04 November	Mia de Jager.
05 November	Krynauw Cilliers, Annika Tromp en Joey Vermeulen.
06 November	Lindi Botes, Pieter de Vos, Bea du Toit, Hanlie Gouws en Willie Meyer.
07 November	Marietjie Cilliers, Cassie du Plessis, Magda v Wyk, Pierre Verster.
08 November	Claudine Engelbrecht en Magdel Louw.
09 November	Dete Jansen en Rina van Rensburg.

Hartlik geluk ook... aan ons doopouers vanoggend, Jacques en Chané Potgieter (Alcacestr. 11, wyk 19a), by die doop van klein EJ – aan julle en jul ouers en familie, ons gelukwense en bede vir seën vorentoe!

Siekes tuis of in hospitaal:
Ons dink in gebed aan hulle wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling: Oom Gert Terblanche (Kapt. Goodmanstr. 5, wyk 1b); Oom Kowie Wessels (Lilyvalestr. 8, wyk 12a); Tannie Sans Human (Siësta, wyk 10); Jan Davel (Dan Pienaarrln. 50, wyk 11a); Beatrice Carshagen (Cussoniahof 8, wyk 20b); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie Ina Fenwick (Serenitas 3, wyk 15a); Louise Cilliers (Paul Roux str. 33, wyk 5a); dr. Gideon van der Watt (Gratias 23, wyk 15c) en Philip Kühn (Plettenbergstr. 7, wyk 14).

Ons meegevoel aan... Chris en Susan Beukes (Serenitas 184, wyk 15b), by die heengaan van sy suster – ons bid jul 'n troosryke afskeidsdiens toe hierdie week.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIE:

Woensdag, 13 Nov. 05:30 – Mannebiduur in die konsistorie.
19:00 – Bybelstudie: *"Om die Bybel in 2019 te lees en te glo..."*
Donderdag, 14 Nov. 09:00 – Bybelstudie: Fil. 4 – *"Moet oor niks besorg wees nie"*

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg (Leraarswyke):

Wyke 1-10 – ds. Johan Marais (084 517 8052)
Wyke 11-20 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig. Daarom vra ons dat wanneer u hospitaal toe sou gaan of tuis siek is en graag 'n besoek verlang, u ons sal kontak – ons kry nie meer naamlyste by die hospitale nie en sal dus nie weet dat u daar is nie. In geval van enige ander nood of 'n behoefte aan 'n huisbesoek of pastorale gesprek: kontak ons en ons maak 'n afspraak met u.

Gasvryheidsbeurt, sorg-en-omgee:

Wyk 9 (Blok wes van Hoërskool Sentraal) en vrywilligers is gedurende November aan diens vir gasvryheid op Sondae met teeskink ná die erediens en verskaffing van etes aan Bloemshelter Vrydagaande – baie dankie! Daar is tans net **25 inwoners** by Bloemshelter en die verblyfsituasie en versorging is beter. Indien u as vrywilliger by hierdie aksie vir ons gasvryheid, sorg-en-omgee betrokke wil raak, kontak asb. die kerkkantoor (051-436 2750).

'n Nuwe Kerkraadstermyn begin vandag!

Vanoggend voltooi 'n aantal kerkraadslede hul dienstermyne van twee- of vier jare – aan wie ons ons opregte dank vir jul goeie werk wil oordra: Ouderlinge Dave en Helena Samuel, Johan Truter, Louise Cilliers, Brink Visser, Gert Olivier, Bennie Grové en Philip van Wyk, en diakens David-Rees Samuel, Coenie Hattingh, Pieter van den Berg en Karin Jacobs.
Ons bevestig ook die nuwe kerkraadslede –

As <u>Bedieningsouderlinge</u>:

Gerhard Geldenhuys (Voorsitter: Bestuursraad)
Nico van Rensburg (Voorsitter: Erediensbediening)
Jaco van Niekerk (Voorsittter: Barmhartigheid- & Getuienisbediening)
Jankie Botha (Voorsitter: Komitee vir Eiendomme)

As <u>Wyksouderlinge</u>:

Cas Harris (Wyk 2); Velka Laubscher (Wyk 6); Faan Hancke (Wyk 8); Maryna Spies (Wyk 9); Jochemus van Tonder (Wyk 10); Jaco de Jager (Wyk 14); Flolinda Marais (Wyk 16); Menitza Gutter (Wyk 17); Dewald König (Wyk 18) en Naas van Wyk (Wyk 19).

As <u>Wyksdiakens</u>:

Louis Kruger en Mariëtte Pretorius (herkies as leierdiakens); Lunette Visser (Wyk 1); Pieter Klindt (Wyk 3); Jamie Faber (Wyk 5); Frans O'Neill (Wyk 6); Domonic Basson (Wyk 13); Christo Boshoff (Wyk 14) en Corné Franken (Wyk 17).

As gemeente bid ons jul almal die seën van die Here toe, en sien uit om in jul dienswerk te deel. Ons kort nog <u>ouderlinge</u> vir Diensverhoudinge en Wyke 3, 4, 5, 11,

12, 15 en 20, en diakens vir Wyke 8, 9, 16 en 20 – indien die Here dit op jou hart lê om ons hiermee te kom help, kontak asb. die leraars of kerkkantoor hierdie week; ons wil graag die nuwe jaar 2020 voltallig begin...

BEDIENINGE

EREDIENSBEDIENING

Kerssangdiens, 17 November 2019: Graag nooi ons alle lidmate, oud en jonk, om op Sondagoggend, 17 November, weer in ons Kerssangdiens te kom deel – elke jaar, 'n hoogtepunt...

GEMEENTEBEDIENING

Stoorkamerverkoping: Ons beplande Stoorkamerverkoping van 9 November, word eers uitgestel na vroeg in 2020 – ons sal weer reëlings daarvoor tref.

Bederfpakkies vir Vroue in die Noord-Kaap: Vrouelidmate wat nog wil bydra tot die omgee-aksie na Noord-Kaapse vroue wat deur die droogtetoestande geteister word, is welkom om hul "Bederfpakkie/boks" met hande- & lyfroom, geurige seep, tissues, sokkies, iets te ete, 'n bemoedigende teks, boekie of mooi tydskrif (waarde: ± R 250) vóór Vrydag, 15 November, na die kerkkantoor te bring.

Jaareind-Stilwordkans: Belangstellendes word genooi om Vrydag en Saterdag, 22-23 November op Menuha die stilte van die veld en teenwoordigheid van God te kom beleef, asem te skep en terug te kyk op 2019. Koste: R 275,00 p/p, by kerkkantoor.

Almanak 2020: Volgende jaar se Almanak gaan in 'n nuwe formaat verskyn, en propvol vars inligting... en jy kan daartoe help! Indien jy 'n advertensie vir jou dienste of besigheid wil plaas, òf 'n Bybelteks in 'n spesifieke maand – kontak gerus vir Rita van Zyl in die kerkkantoor of epos na kantoor@bergendalkerk.co.za

"Vrypos": Sou jy belangstel om die weeklikse e-nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat direk en kosteloos te ontvang, kontak vóór Dinsdag, 5 November, die kerkkantoor en gee jou eposadres daar op – ons sal dit verder vir jou hanteer.

"Kerkbode" en "Lig": Bestellings vir hierdie twee tydskrifte van die NG Kerk, kan nou by die kerkkantoor geplaas word. "Kerkbode" is die kerkkoerant en verskyn tweeweekliks @ R 215,00 per intekenaar (minimum getal intekenare nodig: 21); "Lig" is 'n maandelikse glanstydskrif @ R 324,00 per intekenaar.

woord@bergendal – ons gemeente se kwartaalblad verskyn Sondag, 17 November; indien enigiemand 'n bydrae tot hierdie uitgawe wil lewer, epos dit vóór 10 November 2019 na janlubbe1964@gmail.com

BARMHARTIGHEIDSBEDIENING

Insameling vir Siësta Tehuis vir Bejaardes: 'n Groot dankie aan almal wat so ruimhartig skenkings van toiletware vir Siësta gebring het – hulle waardeer dit baie!

GETUIENISBEDIENING

Sotho-Werkersklas: Ons kort leesbrille om die fyn garewerk te kan doen – indien jy dalk een het wat nie meer gebruik word nie, bring asb. kerkkantoor toe – baie dankie!